Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 28 Januarie 2018

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer

Omgee:

- Pieter Le Roux is in die intensiewe sorgeenheid in Flora kliniek nadat hy 'n terugslag gehad het Maandag tydens behandeling.
- Isébel Macleod het gehoor die kankertelling is hoër as voorheen.
- Chatye Rensburg sterk tuis aan na 'n hartaanval.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- Ds Stephan is met **verlof van 22 – 28 Januarie** . Pastor Gordon kan gekontak word indien nodig.
- Die **Gemeente toerusting** en **Hoërskoolkategese** vind vandag om **17:00** plaas. Die onderwerpe is op die Bergbron kalender aangebring. Vanaand is daar geleentheid om vrae te stel oor Drome n.a.v. die Droomkursus deur Marietjie Volschenk.

- Volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **9-11 Februarie by Linden GK**. Kostes is R200 per persoon of R300 per paar wat 'n werkboek en etes vir die naweek insluit. Besprekings kan by Celeste (082 372 8684) gedoen word.
- Die **geel Bergbron kalenders** in die rakkies is gratis en help jou om te beplan om die verskillende geleenthede wat jy behoort by te woon in jou dagboek in te vul. Indien jy op die e-pos adreslys is, het jy dit ook per e-pos ontvang.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.zaof sms na 072 651 8286).

Jy kan help ☺

- **Versoek van die Diakens:** die diakens vra asseblief vir nie bederfbare blikkieskos (bv. vis, *meatballs, spaghetti, baked beans,* ensovoorts) – ons kan dit saambring wanneer ons eredienste bywoon. Die diakens beplan 'n uitreikprojek na plekke soos kleuterskole en kinderhuise waar behoefte is. Gee jou blikkie(s) vir Martin, Arthur, Lettie, Martie, Elize, Francois of Jan.
- Ons soek steeds na een of twee jong dames wat gereeld by die **kinderkerk** betrokke kan wees. Gesels met Ankie of ds Stephan as jy belangstel.
- As jy kan help met die bediening van die **rekenaar of die kamera** tydens eredienste, gesels met Matt Brummer.

Gebed NB: **GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00**

The Passion translation*:So remember I HEAR HIS WHISPER...('n parafrase)*
"You will not find Me in the shadows of the past."
Dare to trust Me, for I have prepared great and mighty things for you and for your family. Mighty is My love. I have thousands of ways planned to show My love for you this year. Gaze into the dawning of this new day and you will see My glory. You will not find Me in the shadows of the past, for I AM. They did not find Me in the tomb. They did not find Me in the grave clothes. My disciples found Me standing in triumph over the suffering and pain of yesterday, and that is where you will find Me today..

Nadat ek die skrif hierbo uit die Passion vertaling gelees het, het ek tot die besef gekom dat een van die groot vyande van hoop is om God se beloftes te vergeet.

Indien ons nie **onthou** wat God sê oor Homself en oor ons nie, gaan ons wegkwyn. Van my kant af hoe **onthou** ek nie seerkry ondervindings nie! Moenie in die modder ploeter en vassteek by goddelose gedagtes in jou denke nie! Boodskappe soos: " **Ek kan nie... Sy sal nie...Hulle sal nooit..! Dit het nog nooit gewerk nie!"**

Die punt wat ek wil maak is dat jou denke altyd 'n manier sal kry om alles tot waarheid te oortuig, BEHALWE natuurlik as jy **onthou** daar is iets groter. God is die God van die ontmoontlike. Om jouself uit 'n onmoontlike te kry is nie moontlik nie.

Die groot terugdraai van wanhoop na hoop, lees ons in "You will not find Me in the shadows of the past, for I AM." Nouja! Daar het julle dit. Dit is die groot stryd van my lewe. Ek glo julle s'n ook. Die stryd om **aan Sy beloftes vas te hou en dit te onthou.** Dinge om te **onthou** is : Dat Jesus belowe, dat Hy ons altyd lief sal hê en

ons nooit in die steek sal laat nie. Tel jou seëninge, tel hul een vir een en jy sal verbaas wees om te sien hoe God jou seën.
Sela. Kom ons stop vir ‘n oomblik. Kom ons skryf die beloftes neer, tel dit een vir een. Jy sal vind dit kom so vinnig dat jy nie die vloei wil breek nie. **Onthou** jy is geliefd; jy is waardevol; jy kan; **onthou** en glo dit is jou tyd en seisoen en **onthou** jy is wie God sê jy is. **Onthou** dat jy God s’n is en Hy is joune. **Onthou** God glo in jou.
Kom ons oordink Laurika Rauch se lied: Onthou om te onthou en vergeet om te vergeet....
Seën
Gerhard

Wil jy by die gemeente aansluit?

Neem ’n pienk vorm en vul asb. volledig in. Gee dit dan vir ds. Stephan. Hy sal jou kontak vir ’n afspraak.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

28/01	SCHALK JANSEN VAN VUUREN (86)	072 223 2155
28/01	CHATYE RENSBURG	074 529 7866
31/01	WELNA KRUGER	083 409 8144
01/02	WILLIE VAN DER MERWE	082 312 3392
02/02	JACO VAN DE VYVER	082 872 6873
03/02	PETRA SCHOEMAN	082 709 1444

Mag die Here jou oorvloedig seën

Susteraamtrek by Randburg – 10 Maart 2018

- Koste R 110, bring asb. ook ‘n blikkie kos saam en trek vrolik aan!